

PREEKOPSOMMING

Junie preekreeks: MOSES EN DIE KINDERS VAN ISRAEL – *Lesse vir 2008.*
Tema nr 3: ***'n Les oor GOD.***
Teks: Psalm 90.
Teksvers: ***"Skenk ons elke dag u liefde in oorvloed, dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees." (Psalm 90:14)***
Datum: 22 Junie 2008
Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 057 3882526/ 0842568031)

Psalm 90 – 'n Psalm van Moses
Psalm 90 is die enigste Psalm wat Moses geskryf het. Die ander sogenaamde Psalm is in Eksodus 15 wat Moses geskryf het as lof aan God na die redding deur die Rooi See. Die ander Psalm is in Deuteronomium 32 waar Moses 'n Lofpsalm aan God rig kort voor sy dood. Psalm 90 is meer persoonlik en vra ons aandag as deel van ons reeks oor Moses en die volk Israel.

Psalm 90:1
'n Engelse vertaling van die Bybel (the New Living Translation) lees vers 1: ***"A Psalm of Moses, the man of God. Lord, through all the generations you have been our HOME." (Psalm 90:1)*** Hierdie vertaling vertaal ***"toevlug"*** met ***"HOME",*** wat na ons mening eintlik 'n baie goeie vertaling is van ***"toevlug".*** HOME is in Afrikaans "huis" of eerder "tuiste" ('n woning). HOUSE is meer 'n blote huis. HOME is jou huis waar jy woon en bly. Daarom is HOME baie meer as die vier mure waarin 'n gesin woon. Indien die spreekwoord gebruik word, ***"there's no place like HOME"***, word bedoel die verhoudings met mense in die huis en die liefde en omgee wat jy daar ervaar. Daarom het iemand ook gesê: **"HOME IS NOT A PLACE, ITS A PERSON."** Moses sê dat God ons ***"HOME"*** is. Dit is belangrik om te vra wat Israel onder die begrip "HOME" verstaan het. JOSEF is deur sy broers verkoop en eindig op in Egipte as hoof van die koning se huishouding. Dan volg sewe jaar van oorvloed en Josef sorg dat daar baie koring is en dan kom die sewe jaar van droogte en hongersnood. Josef se broers kom koop toe koring en later trek sy broers en Jakob na Egipteland. Daardie koning sterf later en dan is daar 'n ander koning wat vir Josef-hulle nie ken nie. In Eksodus 1 lees ons dat die Israeliete baie vermeerder het. Die koning raak toe senuwee-agtig oor al die Hebreërs wat so baie raak en om die getalle te beperk maak hy die Hebreërs slawe – hy neem hul vryheid weg. Vergelyk Eksodus 1:11-14 en die ergste Eksodus 1:22. Moses-hulle het geen land gehad en Moses kon sê dat HOME die Beloofde Land is waarheen hulle op pad is. Maar Moses sê in hierdie slegte omstandighede dat God vir hulle HOME is. HY is hulle tuiste. Paulus het presies dieselfde gesê in Handelinge 17:28***: "Want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons."*** God is ons huis – ons tuiste – ons HOME.

Psalm 90:2
Maar as GOD ons TUISTE is, is die vraag of Hy kan afbrand, of diewe by hom kan inbreek en goed steel? Moses sê dat God, ons HOME, al daar was voordat die berge gevorm en gemaak is. Dit is moeilik om God se ewigheid te begryp en in te sien. Voor tyd begin tik het, was God daar – van ewigheid tot ewigheid is God daar. Ons as mense se lewens het 'n beginpunt (geboortedag) en 'n eindpunt ('n sterfdatum). God het nie 'n beginpunt of 'n eindpunt nie. Hy is van altyd en altyd af daar en Hy sal vir altyd daar wees. Moses sê dat hierdie God wat van ewigheid af bestaan ons tuiste – ons HOME, is.

Psalm 90:3-6
Vanaf verse 3 tot 6 praat Moses van ons sterflikheid en hy kontrasteer ons sterflikehid met God se ewigheid en onbeperktheid. In vers 3 verwys Moses na Adam wat uit die stof van die aarde

gemaak is (vgl Genesis 2:7). Jy kan jou lewe probeer verleng en gesond hou deur gereeld in die gimnasium te oefen, baie vitamienes te drink, maar een of ander tyd keer jou liggaaam tot stof - soos gras wat verdor.

Psalm 90:7-11

Volgens Moses is ons probleem as mense nie ons sterflikehid en die kortstondigheid van die lewe nie, maar die feit dat ons sondaars is. En daarom staan ons onder die oordeel van God. Baie van ons verstaan die toorn en gramskap van God heeltemal verkeerd. Ons dink dat God hierdie ongeskikte befoeterde ou toppie is wat humeurig eenkant staan en as jy iets verkeerd doen raak hy woedend vir jou. Die Bybel praat nie so oor God se gramskap en toorn nie. Volgens die Bybel is God se toorn en gramskap die realisering van sy morele integriteit. Die beginsel ken ons – wat jy oes sal jy saai. As jy 'n klip in die lug gooi sal hy weer afkom en op jou kop val. Wat opgaan moet afkom. Dit is die wet van grafitasie. So het God ook wette wat hierdie heelal regeer en beheer – en ons noem dit die wet van moraliteit. Oortree jy die wet van moraliteit dan ervaar jy God se toorn en sy gramskap. Lees weer Romeine 5:12-14 en 1 Tessalonisense 5:9. God se bedoeling is dat almal gered sal word deur Jesus Christus.

Psalm 90:12-17

Die res van Psalm 90 is 'n gebed. Moses, so sien ons, het in die res van die Psalm 'n ernstige behoefte aan God se genade. Volgens vers 12 word dae weke, weke word maande en maande word jare – en voor jy jou oë uitvee is jou lewe verby. Moses vra genade by God om dit te besef en altyd in gedagte te hou. Reg oor die wêreld is die gemiddelde lewensverwagtig van mense 27740 dae. Sekere mense leef langer en ander korter. In vers 16 vra Moses dat God sy werk sal doen van geslag tot geslag. In vers 17 bid Moses eintlik ***"Here, laat U koninkryk kom",*** kom verander die wêreld deur ons. Die Here het so in Moses se lewe gewerk dat mense duisende jare later nog steeds van hom praat.

Slotvraag

Die groot vir toepassing in jou lewe is: Wanneer is hierdie Psalm 90 geskryf? Wat was die konteks van die Psalm? Dalk het Moses dit geskryf in sy tienerjare of direk nadat hy die Egiptenaar vermoor het en Median toe gevlug het. Of dalk toe Moses terug Egipte toe is om met farao te gaan praat. Of dalk toe Moses en die Israeliete by die Rooi See aangekom het het hy gou eenkant gaan sit om dié Psalm te skryf. Maar ons twyfel dit anders moes daar iets oor die uittog geskryf gestaan het. Ons oortuiging is dat hierdie Psalm is deur Moses geskryf toe hy in die woestyn in Median was en in die tyd toe die Israeliete nie God se krag en teenwoordigheid beleef het nie. Stel jouself voor – dat Psalm 90 geskryf is net voor Eksodus 3 en juis in Eksodus 3 kom sê die Here: ***"Ek het jou gebed gehoor in Psalm 90"*** In vers 17 vra Moses dat die Here sy werk in stand sal hou en dan sê die Here in Eksodus 3: "***Gaan nou terug na die farao toe...."***

Persoonlike vraag

Dalk is jy ook so in die woestyn by Median en jou omstandighede is juis dié waarin jy nie God se krag en teenwoordigheid ervaar nie. Jy kan soos Moses sê: ***"Die Here is vir my 'n toevlug – Hy is HOME – my tuiste. Want HOME is nie 'n plek nie – dit is 'n Persoon."*** Lees weer in die week Psalm 90 en vra jouself af: ***"Wat wil die Here vir my persoonlike lewe sê deur die Psalm sê?"*** Skryf jou waarnemings hieronder neer: